# Sunridge Primêr Musiekdepartement

Ons musiekdepartement streef daarna om kwaliteit-musiekonderrig aan te bied. Ons doel is om die nodige nuuskierigheid en kreatiwiteit by die leerders aan te wakker en die nodige vaardighede te ontwikkel om met selfvertroue op te tree. Ons jong musikante het die geleentheid om deur verskillende internasionale organisasies grade te ontvang, om deel te neem aan kompetisies en kuns- en kultuurfeeste, om deel te mag vorm van ensembles, kore en orkeste wat uiteindelik die voorbereiding vir vordering in hoër grade in musiek toelaat.

## Musiekonderrig: Voorvereistes

- Toegang tot internet
- Instrument (Eie of huur)
- Daagliks toegekende oefentyd (omtrent 20 min per dag)
- Skoolfonds moet op datum wees

## Inskrywingsproses

**Kies** voorkeur-instrument

→ **E-pos Mev Pretorius:** susan@sunridge.co.za vir plasingsnavrae

→ **Wag** vir e-pos reaksie

→ **Koop** toepaslike instrumente en boeke na bevestiging van plasing

**Neem asseblief kennis:**

**Daar is slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar, daarom, is plasing van leerlinge nie gewaarborg nie. 'n Nuwe waglys sal vir 2021 opgestel word.**

# Sunridge Primêr Musiekdepartement

**Alle individuele musieklesse sal gedurende die Covid -19 pandemie via Zoom/WhatsApp en Telegram aangebied word. Musieklesse sal gedurende skoolure wees op die dag wat die leerling tuis is.**

## KLAVIER

**VEREISTES**

- Graad 3 - Graad 7
- Eie klavier of klawerbord (minimum 30 klawers)
- Klavierboek (sal aanbeveling maak)
- Teorieboek (sien musiekteorie)

**NOTA:**
Privaatmusieklesse kan gereël word indien u kind nie by die skool geakkommodeer word nie (Graad 1-7).

## BLOKFLUIT

**VEREISTES**

- Graad 3 - Graad 5
- Eie **Sopraan Wit Yamaha** blokfluit
- 20 bladsy flip-lêer
- Teorieboek (sien musiekteorie)

**NOTA:**
**Alt (Yamaha Wit) blokfluit** lesse word vanaf Graad 4 aangebied.

## KOPERBLAAS

**VEREISTES**

- Graad 4 - Graad 6
- Eie instrument of huur van instrument
- 20 bladsy flip-lêer
- Teorieboek (sien musiekteorie)

**NOTA:**
Koperblaasinstrumente kan by die skool gehuur word teen 'n addisionele fooi van R150 per kwartaal.

***Insl: Trompet ,Tromboon, Franse horing, Tuba, Eufonium***

## HOUTBLAAS

**VEREISTES**

- Graad 4 - Graad 6
- Eie instrument of huur van instrument
- Musiekboek (sal aanbeveling maak)
- Teorieboek (sien musiekteorie)

**NOTA:**
Houtblaasinstrumente kan by die skool gehuur word teen 'n addisionele fooi van R150 per kwartaal.

***Insl: Dwarsfluit, Klarinet, Saksofoon***

## DROMME

**VEREISTES**

- Graad 4 - Graad 7
- Eie dromstel
- Dromstelboek (sal aanbeveling maak)
- Teorieboek (sien musiekteorie)

**NOTA:**
Perkussieonderrig is ook beskikbaar, maar nie gedurende COVID-19 nie.

**MUSIEKLESFOOIE: R300-00 per instrument per kwartaal**

# Sunridge Primêr Musiekdepartement

**Geen musiek groepaktiwiteite sal gedurende COVID-19 aangebied word nie.**

## KORE

**JUNIORKOOR (Graad 2-3)**

**SENIORKOOR (Graad 4-7)**

- Leerlinge word uitgenooi om deel te mag wees van die junior en seniorkoor indien hulle oudisie suksesvol was
- 'n Beperkte getal leerlinge kan geakkommodeer word
- JUNIORKOOROEFENING sal in die oggende voor skool plaasvind
- SENIORKOOROEFENING sal in die oggende voor skool, sowel as in die middag plaasvind
- Oefentye sal bevestig word

## ENSEMBLES

**DJEMBES (Graad 1-3)**

- Leerlinge word uitgenooi om deel te mag wees van die djembes indien hulle oudisie suksesvol was
- Leerlinge wat hulle eie djembes besit, is welkom om by die groep aan te sluit.
- Djembe-oefening sal in die oggende voor skool plaasvind
- Oefentye sal bevestig word

**KOPERBLAAS-ENSEMBLE (Graad 4-7)**

- Koperblaasleerlinge word uitgenooi om deel te mag wees van die koperblaas-ensemble indien hulle die vereiste vlak bereik het
- Koperblaas-ensemble oefening sal in die oggende voor skool plaasvind
- Oefentye sal bevestig word

## ORKESTE

**BLAASORKES (Graad 4-7)**

- Blaasinstrumentspelers word uitgenooi om deel te mag wees van die blaasorkes indien hulle die vereiste vlak bereik het
- Blaasorkesoefening sal in die oggende voor skool plaasvind
- Oefentye sal bevestig word

**BEAT WAVES (Graad 4-7)**

- Leerlinge word uitgenooi om deel te mag wees van Beat Waves (staaltromorkes/marimba) indien hulle oudisie suksesvol was
- Beat Waves-oefening sal in die oggende voor skool, sowel as in die middag plaasvind
- Oefentye sal bevestig word

## MUSIEKTEORIE

Musiekteorie is **verpligtend** vir alle Graad 4 – 7 musiekleerlinge.
Alle toepaslike inligting aangaande teorielesse en tye sal aan musiekleerlinge deurgegee word.
Aangeheg die lys van teorieboeke wat benodig word:

**Graad 1-3**
Geen

**Graad 4**
Theory made easy book 1

**Graad 5**
ABRSM theory book Grade 1

**Graad 6**
ABRSM theory book Grade 2

**Graad 7**
ABRSM theory book Grade 3